**Die man en sy gesigsbeelde**



In die tragiese ervaring van my vrou se dood en die verkoop en ontruiming van ons familiehuis, waar ons amper 50 jaar lank gevestig was, het ek te midde van die verdriet en aftakeling Lig en wysheid gesien. Om te trek en te verbygaan is lewe; om te wil bly en vas te klampe, is sterf. In die breek lê vernuwing en ’n nuwe geboorte. Die digter skep hierdie nuwe geboorte en breek met oppervlakkigheid om dinge van binne te bekyk, pleks van net van buite.

Die stelling dat sprokies nie waar is nie, terwyl ons vervelende werklikheid van abstrakte begrippe wel waar sou wees, is ’n leuen van meer as tweeduisend jaar oud waarmee ek my nie wil besmet nie. Objektiewe waarhede bestaan nie meer nie en die wetenskap bewys dat ons bewussyn die werklikheid skep. Kernfisika word deur geleerdes beskou as ’n egte "Alice in Wonderland"-wêreld van eenheid, verskynings, verdwynings en oneindige moontlikhede.

Laat my dan maar begin met my egte sprokieswêreld wat bars van skoonheid en ontroerende wonderwerke. Dit gaan nie oor vlieënde

Oosterse tapyte wat swaartekrag oorwin en op die wolke ry nie, maar oor onverwagte verskynings, geruislose verdwynings en magiese kussings wat vir 60 jaar lank my vrou se kop ondersteun het en dit ná haar dood steeds doen. Maar veral gaan dit daaroor dat daar 'n innerlike wonderwêreld van Stilte en Lig bestaan wat lewendes toelaat om met afgestorwenes te kommunikeer.

Daar was eens 'n vrou wat almal Moeke genoem het omdat sy so eenvoudig en goedhartig was. Sy was die fondament van 'n mooi familie en die beste moeder vir haar vier kinders. Haar man het by haar sterfbed gesit en haar hand vasgehou. Terwyl sy in 'n koma was, het sy 'n paar keer haar oë oopgemaak en die man se hand teen haar wang gedruk. Toe haar moeisame asemhaling ophou en sy rustig gesterf het, het daar iets in die ganse familie se hart gebreek.

Moeke is nie meer by ons nie. Maar in die pynlike oomblik van skeiding het daar by haar man 'n absolute sekerheid gekom. Moeke is nie dood nie; sy **LEWE**, het hy amper uitgeroep. Of dit bewys kan word of nie, maak nie saak nie, sê hy. Sy lewe omdat ek dit so wil en so voel. Soveel skoonheid en soveel wonders van liefde wat sy in haar lewe geskep het, kan nie sommer verdwyn nie. Stille waarheid is onsterflik!

Die menslike bewussyn is in beginsel een met Goddelike Bewussyn wat skoonheid skep, vernietig en daaruit steeds nuwe skoonheid laat gebore word. Elke mens is die kind van 'n God wat as materie sterf en as stralende Lig herrys.

Moeke se groot krag was dat sy haar dood sonder bitterheid aanvaar het. Sy het altyd gesê: "Mens moenie oor die dood praat nie. As die dood daar is, moet mens net aanvaar en oorgee. Dis vir almal gelyk." Solank jy nie weet hoe om te sterf en weer tot lewe te kom nie, is jy maar 'n armsalige reisiger op hierdie donker aarde, sê groot digters.

Moeke het dit geweet en reggekry. Haar desperate, amper Bybelse woorde enkele dae voordat sy hospitaal toe is, kan niemand vergeet nie: "Ek staan hier en weet nie waar ek is nie... ek moet gaan eet en ek weet nie hoe mens eet nie." Sy het stil geword, sonder om te praat geëet, en haar huis gelate verlaat om hospitaal toe te gaan. Sonder trane of bitterheid.

Tensy die graankorrel in die aarde val en sterf, bly hy alleen; maar as hy sterf, dra hy veel vrug. Sy het soos die graankorrel in die aarde geval omdat sy gevoel het dit is die mens se natuurlike bestemming. Sy het mooi kinders en kleinkinders gehad wat haar sal onthou as die klein vroutjie met die groot hart en die stille wysheid. Sy het die oop gemoed van sprokies gehad om die eenheid van lewe en dood te sien en het geen doodsangs geken nie.

In Rooikappie eet die wolf vir Ouma op en die houtkapper kap die wolf se maag oop om haar te verlos. Die legendariese feniks is nog kragtiger: hy verbrand homself op ’n brandstapel van geurige kruie om telkens weer verjong uit die as te herrys. Is die Christus-verhaal nie ook soos ’n wyse maar tragiese sprokie nie? Christus laat Hom aan ’n kruis vasspyker en verrys uit die dood, vervul met Lig. Sy volgelinge kan in die Ryk kom deur hul lyding en dood te aanvaar en in goddelike Lig te transformeer.

Sprokies is groter werklikhede as teologiese leerstellighede wat hemelse Lig sien as ’n beloning vir moralistiese gedrag sonder enige doodservaring. Sprokies ontgin die geestelike dieptepatrone van die onderbewuste, terwyl leerstellings net die oppervlakkige feite raaksien. Moeke is die ouma in Rooikappie wat gered word deur haar geloof in die houtkapper — ’n ander gedaante van Jesus, die wonderdoener. Rooikappie simboliseer onskuld en die puberteitskrisis. Die feniks is die soeker na spirituele verligting, die harde man wat deur die vuur gesuiwer word. Sprokies gaan oor innerlike waarhede en veral die oeroue eenheid van teenstellings! Dit gaan oor die eenheid van lewe en dood.

En nou die verdere verloop van die sprokie: "Die man en sy gesigsbeelde." As mens agt jaar lank verloof en 61 jaar getroud is, is daar ’n voltooiing van die lewenssirkel waar die begin in die einde en die einde in die begin sit. Volgens kernfisika, wat die grootste sprokie van ons eeu is, het alles ontstaan uit ’n "ligplekkie" duisende miljoene kere kleiner as ’n enkele proton. In daardie liggie was die hele skepping saamgepers. Dit het in ’n Oerknal ontplof en skielik was alles daar.

Ons is uit Wonderlig gebore en by ons dood keer ons na die Lig terug. Ons materie vergaan, maar die Lig of Vuur wat diep in alle dinge woon — en tog daarvan geskei is en alles van binne af beheer — is onverganklik.

Hierdie misterieuse Wondervuur sonder vorm of naam is allesdeurdringend, oral teenwoordig en ondersteun die Hemel en die Aarde. Hierdie stralende Vuur kan alle vorme aanneem en word gedurig herbore. So kan mense wat dood is, verlig aan hul familie verskyn, en dit gebeur met my. Dis net een kreatiewe manier om oor ons oorsprong te gesels, maar daar is baie ander.

Toe sê ’n kind vir my: "God is ’n pragtige groot pot gemaak van edelstene en vol Wonderlig wat alle vorme kan aanneem. Toe laat God die pot val en dit breek in miljoene stukkies, maar elke stukkie, hoe klein ook al, is op sy diepste vlak God en moet na die God-pot terugkeer." Toe ontmoet ek ’n ander kind wat voel: "God is soos die see... mens moet daarin swem om God te ervaar!" "Nee, God is ’n legkaart en elke stukkie is deel van die groot geheel," sê ’n jong wysneus.

**Die sprokie van die gesigsbeelde**

**Woensdag, 2 Junie:** Na Moeke se begrafnis kry ek ’n gesigsbeeld. Ek het vroeër gaan slaap en die kamerdeur oopgelos. Skielik sien ek haar inkom en sy trek haar wit truitjie aan. Sy verdwyn geruisloos.

**Donderdagaand:** Ek gaan bed toe en draai op my regtersy om na die oop deur te kyk. Moeke se lydende gesig verskyn egter onverwags op haar hoofkussing in die bed. Sy kyk na my en ek sê "Jesje". Sy glimlag en verdwyn.

**Saterdagaand, 15 Junie:** Ek kyk weer na die oop deur. Moeke verskyn in vol lig as ’n jong meisie met ’n kort rokkie en ’n moderne haarstyl. Huppelend en laggend klim sy by die trappe van haar familiehuis in Slachthuisstraat in Ieper op en kom na my toe. Die beeld verdwyn. ’n Ligkol bly nog ’n tydjie oor. Toe word dit duister, maar haar gelag hou nog enkele sekondes lank aan. Ek kon nie haar mooi haarstyl onthou nie, maar die volgende oggend gaan ek na ’n kamer, maak ’n kas oop en sien ’n kartondoos. Daarin vind ek die foto van haar as jong meisie met daardie moderne haarstyl. Ek het die foto onmiddellik laat raam en dit het my magiese foto van diep skoonheid en ewewig geword.

**Sondagaand, 16 Junie:** Ek sien Wouter en Moeke se gesigte op haar kussing. Moeke snak na asem. "Sy sal dit nie maak nie," sê Wouter, "dis

ondenkbaar, maar as dit tyd is om te gaan, moenie bekommerd wees nie, Moeke. Jy was die beste moeder vir ons."

**Donderdagaand, 20 Junie:** Ek sien Moeke op die kant van die bed sit. Sy staan op en verdwyn. Dis 21 Junie, die begin van die Afrikaanse winter en die Belgiese somer. Dis kwart oor sewe — die geboortetyd van die kinders.

**Dinsdag, 25 Junie:** Ek sien weer Moeke se gesig op haar kussing. Ek is vermoeid. Skielik stap sy weg met vaste stappe. Is sy ontsteld? Maar sy kom terug. Ek vertel haar die hele nag lank al die nuus van die familie. Sy reageer en beweeg haar lippe asof sy wil praat, maar daar kom geen geluid nie. Toe sit sy op die bed en gaan na ’n foto van haar wat teen die muur hang. Sy bekyk dit rustig. Sy het ook die gordyn oopgeskuif en na haar tuin gekyk. Toe verdwyn sy skielik, asof sy in die lig oplos. Dis kwart oor sewe. Ek staan op en gaan na die woonkamer om te kyk of sy dalk daar is, besig om na iets te kyk wat sy vir oulaas wou sien, maar sy is weg.

**Woensdagaand, 26 Junie:** Ek kyk na die kussing waarop sy gewoonlik verskyn, maar haar gesig is dof met die oë toe. Ek slaap ’n rukkie en word wakker van ’n lig aan die regterkant van die bed waarin Moeke stralend en glimlaggend verskyn en met haar hand waai. Dit verdwyn skielik. Is dit ’n afskeid? Ek kyk op my horlosie. Dis kwart oor sewe op ’n Donderdag... presies ’n maand sedert sy deur Carla hospitaal toe geneem is.

**Donderdag, 27 Junie:** Ek gaan bed toe. Moeke se gesig verskyn nie meer nie. Was haar gewaai ’n definitiewe afskeid? Ek slaap die hele nag en word halfagt wakker. Ek voel iets agter my rug, maar sien niks. Het Moeke die hele nag onsigbaar naas my gelê? Ek voel nou beweging onder die kussing aan haar kant. Ek lig die kussing op en sien iets soos ’n verfrommelde sakdoek. Ek vat dit, en dit word ’n ligkol wat aan my vingers klou. Ek wil dit afskud, maar dit verander in wit vlindertjies met klein swart kolletjies. Hulle fladder rondom my vingers en word vlammetjies wat my hand verlig en deurskynend maak. Hulle brand en rook sonder pyn en verdwyn dan.

Wat dit beteken, weet ek nie. Is dit die moeilike afskeidstryd van die huis en al haar vertroud voorwerpe en foto's wat sy vir oulaas kom bekyk het, of is dit die vlamme van die ewig brandende vuur?

**Vrydagaand, 28 Junie:** Ek gaan bed toe en slaap tot sewe-uur. Dis Saterdag 29 Junie, presies een maand na haar afsterwe op 29 Mei. Ek sien haar in die skemer en sê "Jesje", maar sy staan op, hou 'n donkerblou matrassie in haar hande en verdwyn daaragter. "Kom terug," vra ek, maar sy bly weg. Wil sy haar verberg? Of maak die lig van ons materiële, tydelike dimensie haar seer?

**Sondag, 30 Junie:** Ek word wakker en sien Moeke naas my. Ek gesels met haar oor die erkenning wat ek van die munisipaliteit sal ontvang vir my werk in die Breughel. Sy glimlag. Ek draai om en vat my horlosie. Dis 07:30. Ek kyk weer, en Moeke is weg. Ek was tog gelukkig dat sy daar was.

Moeke se desperate, amper Bybelse woorde enkele weke voor haar dood sal ek nooit vergeet nie: "Ek staan hier en ek weet nie waar ek is nie. Ek moet gaan eet, en ek weet nie hoe mens eet nie." So 'n aftakeling van 'n persoon is byna ondraaglik en is 'n egte geestelike dood waarvan sy totaal bewus was. Maar Jesje het dit gedra en aanvaar sonder om te huil of bitter te word! Sy het haar negatiewe in positiewe getransformeer en was geestelik verlig.

Na die lewendige gesigsbeelde kom nou haar dodemasker op die hoofkussing. Ek gebruik nou my eie wysheid en vryheid om op 'n kreatiewe manier sin te gee aan wat ek intuïtief voel. Moeke is in kernfisika se tydlose vierde dimensie — 'n gebied van volledige Stilte waar 'n tydlose Gees in relasie met Homself die oneindige verskyningsvorme skep, vernietig en simultaan ervaar. Dit is 'n oorweldigende, hemelse en stralende totaalervaring waar alles gesien word as deel van 'n Groot Geheel; 'n vonkspattende eenheid van oneindige positiewe en negatiewe kragte wat mekaar vernietig en steeds herbore word. Dis vir my dieselfde as die Openbaring se "God is Lig of Liefde" en Christus se nuwe aarde en hemel.

Die mens is 'n onbeholpe fragment wat verlang na die Goddelike volledigheid en totaliteit waarsonder hy nie kan bestaan nie. Slegs as mens al sy lyding en sy dood met elke asemteug aan daardie Goddelike, harmoniese middelpunt van totaliteit kan oorgee, voel mens veilig en verlig. En ons kwaad moenie beoordeel word nie, maar deur permanente oorgawe geheilig word!

Ou Indiese geskrifte praat van hierdie diep, geestelike werklikheid as 'n innerlike gebied sonder geluid, sonder aanraking, sonder duidelike vorm en onverganklik; sonder smaak, gelykblywend, sonder geur, sonder begin en sonder einde. Deur dit in diep konsentrasie te ken, word mens van die muil van die dood bevry. Moeke is deel van 'n hemelse werklikheid en ek sal die res van my lewe met haar kan kommunikeer; sy sal haar rustige krag aan my oordra.

As ek haar mooi foto bekyk, voel ek die rustige energie wat haar besiel. Die lewe was vir haar geen probleem wat opgelos moes word nie, maar iets wonderliks wat geleef en ervaar moes word. Sy het die wêreld gesien en bemin. Ek kyk na die tuin wat sy gemaak het, wat 'n lus vir die oog is. Sy was lief vir blomme en plantjies. Sy het die vlinders geken wat gereeld op die blomme kom sit en het die voëlgeluide en hul kommunikasiestelsels bewonder.

Sy kon dans en het my leer dans, en op feeste was sy onvermoeibaar. Veral die walse het sy met volle oorgawe geniet! As haar gesig op haar kussing verskyn, lê ek my kop teen haar s'n en voel energie wat dans. Hoe kon sy so rustig sterf? Sy het dit so natuurlik gevind. Is die winter nie 'n noodsaaklike dood en die lente 'n wedergeboorte nie? En as ek lank na haar foto staar, sien ek in haar ronde gesig al haar kinders en verstaan ek skielik die mirakel van die eenheid en onderlinge verbondenheid van alles wat bestaan.

Maar ek kan nog nie geestelik sterf soos sy enkele weke voor haar fisiese dood gedoen het nie. Ek klou nog te vas aan die materie. Maar ek weet en voel sy help my voortdurend, en ek sal dit kan doen wanneer my tyd daarvoor ryp is. Haar afskeidswoorde staan in my bewussyn gegrif. Sy was 'n verdwaalde duif en het niks meer geweet nie. Maar nou is sy op haar ewige plek en geniet sy dit as 'n kind van God, die oneindige en volmaakte Totaliteit.

**Sondagnag, 1 Desember 2013:** Ek het 'n ongelooflike ervaring beleef. Ek was onrustig en het haar foto as jong meisie naas my in die bed gesit en daarna gestaar. Skielik sien ek die oë op die foto beweeg en word ek bewus van 'n misterieuse, kragtige stroom wat deur die kamer waai en dinge laat tril. Moeke, wat naas my lê, word uit die bed gedryf en staan

langs die bed, maar kom lê skielik weer dig langs my. 'n Innerlike straling wat van binne kom, verlig haar.

Moeke se gesig word kleiner en kleiner en word soos 'n pasgebore baba s'n wat haar lippies tuit en haar tongetjie beweeg om gevoed te word. Die kindjie met stralende ogies en mollige handjies was so hemels mooi; 'n warm liefdesgevoel wat ek nog nooit vantevore so ervaar het nie, het in my opgekom. Ou swart kolle binne-in my het begin opklaar.

Dit is asof ek vir die eerste keer in my lewe opregte liefde vir kinders voel. Dit maak my gelukkig, maar terselfdertyd hartseer omdat ek dit so lank gemis het weens te veel selfgerigtheid. Die oog wat skoonheid en lieflikheid kan sien en die hand wat kan streel, is in elke familie 'n seën wat geluk bring en die grootste wondere kan verrig. Maar as die vuis te hard op tafels slaan en die gesig te donker is, skrik die pasgebore baba reeds in die wieg — en babas onthou. Moeke was die sagte Moeder, maar daar was 'n vader wat baie oud moes word om dit te leer. Maar hy het geleer toe Moeke nadoods verander en bekrimp het tot 'n kinderkoppie wat haar mondjie tuit.

Kinders kan baie oud word, maar diep in hul harte bly hulle kinders. 'n Vuis wat laat in die lewe oopgaan en 'n strelende hand word, is moontlik in sprokies. Maar sprokies is dieper werklikhede as ons alledaagse woorde om te oorleef.

**Sondag, 15 Desember 2013:** Ek word vroeg wakker, neem haar foto en lê dit op haar kussing langs my. Haar gesig lyk driedimensioneel — stil, maar vibrerend van lewe. Die agtergrond van die foto se gordyn met blomme straal. Met 'n ongewone rustigheid skeer, was en trek ek my aan. Voor ek die kamer verlaat, neem ek nog een keer die foto en staar daarna. Skielik sluit sy haar oë, maar maak hulle onmiddellik weer oop en staar deurdringend na my. Daar kom 'n stilte in my wat bruis van lewe. Is dit die eenheid van lewe en dood en alle teenstellings wat op my toeslaan? Ek was nog nooit so rustig nie, en iets dryf my na haar tuin om haar plantjies water te gee. Is dit haar verligting en bevryding wat sy aan my oordra?

Sy is gelukkig waar sy is; daar is geen twyfel moontlik nie. Maar hoekom lyk sy so stralend op die foto en in haar verskynings? Daar is 'n stille wysheid wat sy in haar eenvoud gevoel het en wat sy wil oordra. Sy het

vroeër haar lippe beweeg sonder klank, maar nou het sy gekommunikeer deur haar oë te sluit en weer stralend oop te maak. "Ek wil ’n man hê," het sy altyd gesê as ek swak of gespanne was.

Sy is nie tevrede met ’n klomp dooie begrippe en halfbak-definisies nie. Sy wil iemand hê wat die lewe kan voel soos dit is, in sy geheime vibrasies, aanvoelings en oneindige verlangens. Toe ervaar ek ’n kreatiewe losbarsting soos ’n oerknal. Ek sluit my oë en sien ’n pragtige somernag met vonkelende sterre. Moeke is ook daar en kyk na die pragtige hemel. "Jesje," sê ek. "Die pragtige sterre daar kan ek vir jou gee," want "alles is in alles," sê selfs die mees primitiewe mense. Toe haal ek die mooiste sterre uit die hemel, maak ’n skitterende kroon en sit dit op haar hoof, en sy straal soos ’n koningin-moeder.

Alles is Wonderlig wat vorme skep en vernietig. Ek ontwaak uit my poëtiese dagdroom en sien haar stralende glimlag op die foto. Ek voel skielik self verlig!

Ons leef in ’n heelal wat in voortdurende beweging en verandering is. Alle materiële dinge is illusies. Ons verligte bewussyn met sy oneindige verbeeldingskrag is die enigste waarheid. *Om te wees, is om ’n digter te wees!*